


AFFIE ARTES

indigtingstak

DANS
DRAMA
GASVRYHEID
INSTRUMENTAAL



*alle joue haer
wees*



KOPPEKAP
KUNS
POTIEKOS
TALE
TONEEL
VOKAAL



*laat daar big
wees*



2022



Affie-Artes

Inhoudsopgawe

1	Voorwoord	3
2	Kompetisiereëls	4
3	Program	5
4	Kategoriehoofde	6
5	Afrikaans: Gedramatiseerde werk	7
6	Braaimeester	8
7	Dans	9
8	English: Dramatised work	10
9	Gasvryheid	11
10	Instrumentaal	12
11	Kuns	13
12	Onvoorbereide spandebat	13
13	Orkes-Koppekop	14
14	Potjiekos	15
15	Skerpskerts	15
16	Skryfwerk	16
17	Toneel	17
18	Vasvra	17
19	Vierkantkuns	18
20	Vokaal	18
21	Vreemde tale	19

1 Voorwoord

19 Julie tot 25 Augustus 2022

Geagte Ouer en Voornemende deelnemer

Dit is met genoë dat ons u in kennis stel dat die jaarlikse Affie-Artes, ons eie interne kunstefees, vanjaar van 19 Julie tot 25 Augustus plaasvind. Ons tema hierdie jaar is **ENERGIE**.

Dié kunstefees is 'n gesamentlike fees van AHMP en AHS. Dit is 'n gulde geleentheid om gesamentlike kreatiewe items aan te bied.

Vakspesialiste wat nie aan ons skole verbonde is nie, word as beoordelaars aangestel.

Die gala-aand en kunsuitstalling vind op 25 Augustus in die Potgieter-saal by AHS plaas. Tydens dié geleentheid word die Junior en Senior Artes Victrix Artium en Victor Artium aangekondig. Kategorieswenners ontvang ook dan hul toekennings.

By voorbaat dankie vir die ondersteuning en deelname.

Me. E. Swanepoel

Namens die reëlingskomitee

2 Kompetisiereëls

1 Geen inskrywing word sonder betaling aanvaar nie:

Individuele deelnemers: R35 per deelnemer
Twee/ meer deelnemers R30 per deelnemer

2 Inskrywings sal nie na Vrydag 22 Julie aanvaar word nie.

3 Alle inskrywings is elektronies. Betalings kan elektronies of by die finansiële kantoor gedoen word. Die bewyse moet by me. Erika Swanepoel (AHS) of me. Des McLean (AHMP) ingehandig word.

- Indien 'n eenmalige betaling gedoen word vir al die deelnemer se aktiwiteite, moet daar op die bewys van betaling 'n uiteensetting wees van die verskillende aktiwiteite. Die deelnemers se naam, van en graad moet ook daarop wees.
- Daar MOET een deelnemer as **groepleier** aangewys word by groep-items. Die groepleier is verantwoordelik vir die inskrywing, sowel as die betaling. Die verdeling van gelde in die groep is die deelnemers se verantwoordelikheid en kan nie deur die organiseerders uitgesorteer word nie.
- Daar is beperkings op getalle by VIERKANTKUNS EN GASVRYHEID. Hierdie inskrywings sal volgens 'n tydstempel bepaal word, waarna die deelnemers kennis sal ontvang om die nodige betaling te doen. Hierdie kennisgewing sal eers na die Julie vakansie geskied, sodra die inskrywings gesluit het. Indien deelnemers dan nie binne 'n dag na die spertyd aangekondig betaal nie, word die geleentheid aan die volgende groep op die tydstempellys gegee.

4

AHS se bankbesonderhede:
Absa: Hatfield Takkode: 63 20 05
Tjekrekeningnommer: 2140 140 255
Verwysing :
1. 1400/022
2. Van, naam en voogklas

AHMP se bankbesonderhede:
FNB: Takkode: 210 554
Rekeningnommer: 627 533 178 35
Verwysing:
Artes, naam en van

Toekennings:

- Om die Victor Artium en Artes Victrix Artium te bepaal, word daar punte vir elke item toegeken: Ses punte vir 'n eerste plek en een punt vir 'n sesde plek en alle ander deelnemers.
- Die wenners van elke kategorie (een per skool) ontvang ook toekennings tydens die gala-aand.
- Kategoriewenners moet bo 80% hê om te kwalifiseer.
- Elke skool se punte word afsonderlik bereken.
- Die Victor Artium (AHS) en Artes Victrix Artium (AHMP) word toegeken aan die deelnemer met die meeste punte. Twee toekennings per skool word gemaak: een vir juniors (graad 8 en 9) en een vir seniors (graad 10 tot 12).

5 Daar moet streng gehou word by die bepalings wat vir deelname aan die onderskeie kategorieë gestel word. 'n Inskrywing wat nie aan die vereistes voldoen nie, sal nie oorweeg word nie.

6 In geval van onttrekkings word inskrywingsgeld nie terugbetaal nie, omdat fooie vooraf met beoordelaars op grond van die getal inskrywings per kategorie onderhandel word.

7 Indien daar slegs een junior of een senior in 'n kategorie / subkategorie deelneem, word die juniors en seniors in een kategorie saamgevoeg. Subkategorieë kan dan ook saamgevoeg word.

8 Gala-aand: Slegs deelnemers aan die Affie-Artes kan optree. Kategoriewenners kry nie outomaties optreegeleentheid tydens die gala-aand nie. Die organiseerders stel 'n gebalanseerde program saam, wat binne redelike tydskuur afgehandel kan word.

9 Die beslissing van die beoordelaar is finaal. Geen navrae sal na die tyd hanteer word nie, tensy ongerymdheid bewys kan word.

3 Artes Program

AHS

Me. E. Swanepoel - 082 825 7937

Me. P van der Merwe- 083 254 6677

AHMP

Me. A Wools 071 896 9430

Me.D McLean 082438 7545

Vry	27 Mei	Inligtingstuk en inskrywingsvorme beskikbaar. Inskrywings open.
Vr	22 Julie	Inskrywings sluit.
Ma	25 Julie	Alle kunswerke en skryfstukke
Ma	25 Julie	Toneel (AHMP-saal 14:15-18:00)
Di	26 Julie	Gasvryheid gr.9 (AHMP 14:15-17:15)
Woe	27 Julie	Dans (AHMP 14:15-19:00)
Do	28 Julie	Onvoorbereide spandebat (AHS-media 14:15-19:00)
Vr	29 Julie	Braaimeester (AHMP 14:15-17:15)
Ma	1 Aug	Instrumentaal AHS (Ouditorium) en AHMP (AHMP SS) 14:15-18:00
Di	2 Aug	Vokaal seniors (AHS-saal 14:15-17:30) Vreemde tale (AHMP media 17:00-22:00)
Woe	3 Aug	Skerpskerts (AHS media)
Do	4 Aug	Vasvra (AHS 14:15-17:15)
Woe	10 Aug	Gasvryheid gr 10 (AHMP 14:15)
Do	11 Aug	Gasvryheid gr 8 (AHMP)
Ma	15 Aug	English: Dramatised work (AHMP, K.78, 14:15)
Di	16 Aug	Vokaal Juniors (AHS saal 14:15 -17:30)
Woe	17 Aug	Vierkantkuns (AHS 14:15-17:15) Orkes-Koppekap (AHS-saal 17:00-20:00)
Do	18 Aug	Instrumentaal slegs AHMP (SS 14:15-17:00) Afrikaans: Gedramatiseerde werk (AHMP-dramaklasse 14:15-22:00)
Vr	19 Aug	Bekendmaking van Gala-aand deelnemers Potjiekos (AHS 14:15-18:00)
Di	23 Aug	Kleedrepetisie (AHS 14:15-17:15)
Woe	24 Aug	Kleedrepetisie (AHS 14:15-17:15)
Do	25 Aug	Gala-aand en kunsuitstalling (AHS)

Inskrywingsvorm

<https://forms.gle/MM1Utfk5GbDy3x9n8>

4 Artes-kategoriehoofde

Die persoon wat met 'n asterisk (*) gemerk is, bied die uitdun aan en word deur die kategoriehoof van die buurskool bygestaan.

Kategorie	AHS	AHMP
Afrikaans: Gedramatiseerde werk	A Brits	*H Greyling
Braaimeester	P Kotze, L van Rooyen	*J Joubert, C Lemmer
Dans	R King	*A Luus
English: Dramatised work	C Beaumont	*R Hugo
Gasvryheid	E Hartzenberg, S Booyen, E Pauer	*J Joubert, C Lemmer
Instrumentaal	*A Cloete	*L Brink
Kuns, ontwerp en fotografie	*P van Emmenis	T Engelbrecht, L Greyling
Onvoorbereide spandebat	*A Jacobs	A Janse van Rensburg
Orkes-Koppekop	*A Cloete	L van Eyk
Potjiekos	*Wian van Staden + L van Jaarsveld	J Joubert, C Lemmer
Skerpskerts	*Gene van Wyk	C du Plessis
Skryfwerk	E Pauer	*M Bromfield, V Jooste
Vierkantkuns	* P van Emmenis + S Pistorius	T Engelbrecht, L Greyling
Toneel	R de Beer	*H Greyling, S le Roux
Vasvra	*K Holder, N Coetzer, E Ferreira, L Beukes	L Nel
Vokaal	*B Rossouw, S Booyen, M van Wyk	S le Roux
Vreemde tale	R van Niekerk	*M Carbonell, J Zietsman

Hulp AHS	Hulp AHMP
L van der Westhuizen – Gala-aand, verhoog en voorportaal D Taljard - Kaartjies N Coetzer – Koördinerings van gala-aand verhoog I Kleynhans – Koördinerings van gala-aand verhoog E Pauer – Koördinerings van gala-aand verhoog L van der Westhuizen - Trofee S Booyen - Kaartjieverkope Petra -Verversings	L Nel – Gala – aand hulp L Celliers – Gala-aand hulp

Inskrywingsvorm

<https://forms.gle/MM1Utfk5GbDy3x9n8>

5 Afrikaans: Gedramatiseerde werk

Geen inskrywing word sonder betaling aanvaar nie:

Individuele deelnemers:	R35 per deelnemer
Twee/ meer deelnemers	R30 per deelnemer

Slegs drie inskrywings per leerder

Kategorieë:

- Poësie
- Gedramatiseerde poësie
- Prosa
- Gedramatiseerde prosa
- Monoloog
- Samespraak
- Karakteruitbeelding
- Onvoorbereide groepadvertensie
- Kreatiewe groepwerk
- Program-aanbieding (drie items bestaande uit een item per kategorie)

“Gedramatiseerd” veronderstel prosa/gedig wat met behulp van liggaamsbeweging op ‘n verhoog (met minimale dekor) uitgebeeld word. Deelnemers moet hul eie dekor/rostrums voorsien en **self** daarvoor verantwoordelikheid neem. Enige musiek / beligting ens. wat benodig word, moet deur die deelnemer self / of iemand wat hy gereël het, hanteer en betaal word.

1. Tema: Eie keuse

2. Tydsduur: 3 - 4 minute

3. **WEES GOED VOORBEREID!** Geen voordrag mag uit ‘n boek afgelees word nie.

4. Gee aandag aan karakterinlewing / karakterisering, liggaamshouding, variasie van beweging, benutting van verhoogruimte, stemprojeksie, stembeheer, oogkontak, volumesterkte en -wisseling, asembeheer, pousering, ens.

Inskrywingsvorm

<https://forms.gle/MM1Utfk5GbDy3x9n8>

6 Braaimeester (Graad 10-12)

R220 per groep

Slegs 60 groepe kan deelneem: 20 van AHS, 20 van AHMP en 20 gemengde spanne.

AHMP-terrein

Die spyskaart bestaan uit 'n hoofgereg met vleis en bygeregte. Die bygeregte kan tuis gemaak word en saam met die vleis aangebied word.

Elke span kry 1½ uur.

Spandeelname: 2 tot 4 leerders per span

Beoordeling vind plaas in afdelings vir seuns / dogters / gemengde spanne.

Elke span kry 'n staaltafel. Bring jou eie tafeldoek, eetgerei, vadoeke en handdoekrol.

Daar sal braaiers beskikbaar wees. (Eie braaiers is ook welkom.) Elke span sorg vir hulle eie hout/houtskool, rooster en apparaat. **GEEN GAS-APARATE WORD TOEGELAAT.**

Geen elektrisiteit of kragpunte is beskikbaar nie. Verlengkoorde mag nie aangelê word nie.

Tema: ENERGIE.

Elke span kry vyf minute om aan die beoordelaars te verduidelik wat op hulle spyskaart is. (Eerste rondte van beoordeling)

Die spyskaart moet vir beoordelaars beskikbaar wees.

14. Elke span kan gaste nooi om ná die beoordeling by hulle te kom eet.

15. Geen hulp van ouers of ander volwasse persone sal toegelaat word nie. Gaste mag eers na die beoordeling die onthaalarea betree.

16. Beoordelaars se beslissing is finaal en geen navrae sal hanteer word nie.

17. Alkohol mag net in geregte gebruik word as die gereg flambeer word.

18. Elke groep ruim self netjies op. Die tafels word teen die muur opgestapel.

21 Daar sal 'n brandbestrydingsfirma en noodhulpsak op die terrein wees.

BEOORDELINGSKRITERIA:

Tafel/atmosfeer	20
Spanwerk/netheid	10
Voorkoms	10
Keuse van vleis	10
Tekstuur van vleis	10
Smaak van vleis	20
Keuse van bykos	10
Smaak van bykos	10
TOTAAL	100

Inskrywingsvorm

<https://forms.gle/MM1Utfk5GbDy3x9n8>

7 Dans

Geen inskrywing word sonder betaling aanvaar nie:

Individuele deelnemers:	R35 per deelnemer
Twee/ meer deelnemers	R30 per deelnemer

Slegs drie inskrywings per leerder

Slegs een item per kategorie met 'n maksimum van drie kategorieë per leerder.

Geen aanstootlike lerieke of taalgebruik nie.

Musiek moet op 'n geheuestokkie verskaf word. Dit moet gemerk word met jou naam en snitnommer.

Maksimum van drie minute per item.

Kategorieë

- Klassieke ballet
- Modern / kontemporêr
- Akrobatiese dans
- Spaanse dans
- Volksdanse
- Hip-hop (alle style)
- Free style
- Ballroom
- Latyns Amerikaans
- Klopdanse
- Ritmiese gimnastiek
- Disco

Beoordelingskriteria:	
Choreografie	20
Styl-toepaslikheid	10
Gebruik van ruimte	10
Vertolking	20
Postuur	10
Gehoorkontak	10
Keuse van musiek	10
Kleredrag	10
Totaal	/100

Inskrywingsvorm

<https://forms.gle/MM1Ufk5GbDy3x9n8>

8 English: Dramatised work

No entry will be excepted without payment:

Individual R35 / participant

2/more participants R30 / participant

Categories:

- Prose
- Poetry
- Dramatised prose
- Dramatised poetry
- Monologue
- Dialogue
- Mime

Note the following:

- Prose and poetry – recited without movement.
- Dramatised prose and poetry – recited with movement, with or without minimal décor / costumes.
- Monologue / dialogue – the subject matter is an extract from a play . Any costumes, décor, lights and music must be provided by the participant.
- Mime – only black drama clothes

Important Information:

1. Theme: own choice
2. Time: 3-4 minutes
3. Nothing may be read from a script. All words must be memorised!
4. Pay attention to: characterisation, body posture, variety of movements, voice projection, voice control, eye-contact with the audience, breathing and pauses.
5. Your poems, prose and other scripts must be of a good standard and relevant for your age group.
6. A poem or prose extract that you've learnt in a lower grade is NOT suitable.
7. Come well-prepared to exhibit your wonderful, unique talents!

Inskrywingsvorm

<https://forms.gle/MM1Utk5GbDy3x9n8>

9 Gasvryheid

KOLWYNTJIES (CUPCAKES) - Graad 8

BROWNIES/BLONDIES - Graad 9

SJOKOLADEKOEKVERSIERING - Graad 10

Geen inskrywing word sonder betaling aanvaar nie:

R90 per span (Twee deelnemers)

Slegs 24 spanne per graad word toegelaat. Die wat eerste inskryf, gaan plek kry.

1. Me. McLean en H. Tuynsma (AHMP) se klas word vir voorbereiding gebruik.
2. Deelnemers begin 14:00 werk, d.w.s. direk na skool.
3. Slegs deelnemers word in die lokaal toegelaat.
4. **Stowe, werkplek en wasbakke word verskaf. Geen ander skoolapparaat sal vir deelnemers beskikbaar wees nie.** Bring eie APPARAAT, BESTANDDELE, OPDIENAPPARAAT, PAN en VADOEKE.
6. Werk asseblief netjies en ruim op terwyl jy werk. Skottelgoed moet tuis gewas word.
7. Leerders kan bestanddele, klaar afgemeeet, in houers bring. Pak opdienapparaat, pan en bestanddele in 'n mandjie.
8. Die lokaal moet skoon en netjies wees voordat die beoordelaar kan evalueer.
9. **GEEN EKSTRA TYD SAL TOEGESTAAN WORD NIE.**
10. Die finale gebak word voor in die klas op die tafel vir beoordeling reggesit. Bring eie opdienbord, vurkie vir die beoordelaar en 'n klein tafeldoekie/ plekmatjie vir opdiening.
11. Skryf julle name netjies op 'n kaartjie en plaas dit langs die produk op die tafel.
12. Deelnemers verlaat die lokaal om 15:30, waarna die beoordeling plaasvind.
13. Leerders wag buite die lokaal totdat die evaluering afgehandel is.
14. Gr. 8 en 9: Geen boksiekoek / voorafgekoopte koek / gekoopte versierings nie.
Gr.10: Bring die vooraf gebakte sjokoladekoek en doen slegs die versiering.

Beoordelingskriteria:

Spangees/Netheid	
Voorkoms van kombuisarea: Tydens die voorbereiding Opruiming	20
Voorkoms van gereg	20
Smaak	20
Tekstuur eie aan 'n kolwyntjie vir gr. 8 brownie vir gr. 9 sjokoladekoekversiering vir gr. 10	20
Kreatiewe opdiening	20
Totaal	100

Inskrywingsvorm

<https://forms.gle/MM1Utfk5GbDy3x9n8>

10 Instrumentaal

Geen inskrywing word sonder betaling aanvaar nie:

Individuele deelnemers: R35 per deelnemer
Twee/ meer deelnemers R30 per deelnemer

KRITERIA VIR DEELNAME:

- 1 Een item per genre.
- 2 Deelname is beperk tot 'n maksimum van drie items.
- 3 Maksimum tydsduur: vier minute per item (gevorderde senior leeders sewe minute)
- 4 Geen sang nie
- 5 Indien 'n duet / orkes uit meer lede bestaan, moet hulle in dieselfde ouderdomsgroep wees, anders word hulle as seniors beoordeel.

Kies maksimum drie items:

	Solo klavier	Solo blasers	Solo strykers	Solo ander	Duet	Ensemble (3-5 lede)
Genres: Ligte musiek						
Jazz						
Klassiek: Barok						
Klassiek						
Romanties						

Inskrywingsvorm

<https://forms.gle/MM1Utfk5GbDy3x9n8>

11 Kuns

**Geen inskrywing word sonder betaling aanvaar nie:
R35 per inskrywing**

TEMA: ENERGIE (tema egter nie verpligtend nie)

- 1 Inskrywings moet die organiseerders voor of op **Vrydag 22 Julie** bereik.
- 2 Die kunswerke moet voor of op **Maandag 25 Julie** ingehandig word.
- 3 3D-werke en breekbare items moet self by AHS en AHM se kunsklasse ingehandig word en self afgehaal word (26 Augustus), sodat dit nie breek of beskadig nie.
- 4 Jou naam, graad en kategorie moet baie duidelik agter (met permanente pen) op die kunswerk of op 'n naamkaartjie aangedui word. Die inskrywingsvorm moet die werk vergesel. Geen naamlose kunswerk sal beoordeel word nie! (Sien inskrywingsvorm vir naamkaartjie.)
- 5 Daar mag slegs vir twee items per kategorie ingeskryf word, behalwe Fotografie en 3D-werke waar slegs een werk ingeskryf mag word.
- 6 Alle kunswerke moet gemonteer wees (foto's verkieslik op swart).
- 7 Om te monteer word kunswerke van agter af teen die monterbord vasgeplak, nie bo-op nie.
- 8 Verkieslik geen duur of breekbare rame met glas nie. (Glas bemoeilik die beoordeling van fotografie.)
- 9 Die kunswerk se minimumgrootte is A4. Dit mag nie groter as A1 wees nie (ongemonteer / kunswerk self). Foto's: minimumgrootte A5 (ongemonteer / foto self) Beeldhouwerk moet voorsien wees van 'n basis of voetstuk.
- 10 Alle kunswerke moet goed afgerond en netjies aangebied word.
- 11 Alle kunswerke moet die leerder se eie oorspronklike kunswerke of foto's wees.
- 12 Kunswerke wat 'n vorige jaar ingeskryf is, mag nie weer ingeskryf word nie.

Kategorieë:

- 1 **Visuele kuns** **Skilder** – nat mediums (olieverf, akriel, waterverf)
Beeldhou - enige medium (wees versigtig met maklik breekbare mediums)
Tekenkuns- droeë mediums (pastelle, kleurpotlode, grafiet of houtskool)
Gemengde media
- 2 **Fotografie**
- 3 **Ontwerp:** Brosjures, logo's, verpakking, CD-omslag, illustrasie, tekstielontwerp
- 4 **Driedimensionele uitbeelding van 'n bekende kunswerk:**
Die kunswerk moet deur 'n groep uitgebeeld word en uit figure bestaan. Om in te skryf, maak julle die opstelling, met agtergrond, tipe klere, kleure ens. Neem 'n **A4**-foto daarvan en gee dit saam met die inskrywing in. Die beste uitbeeldings sal gekies word en tydens die **gala-aand sal die skildery deur die groep uitgebeeld word.**
- 5 **Kunshandwerk** / "Crafts", keramiek, modeontwerp (slegs die sketse), mosaïek, juweliersontwerp, loodglaswerk, lapverf

KRITERIA:	A+	A	B	C	D	E
Algemene indruk / Oorspronklikheid/Kreatiwiteit						
Kreatiewe tegnieke / media eksplorasie / effekte						
Komposisie / uitleg / ontwerp / struktuur						
Gebruik van elemente vorm / tekstuur / ruimte / kleur / toonwaarde / lyn						

Inskrywingsvorm

<https://forms.gle/MM1Utfk5GbDy3x9n8>

12 Onvoorbereide debat

Geen inskrywing word sonder betaling aanvaar nie:
R90 per span. (Drie lede per span)

Spanne: Junior meisies	Junior seuns	Junior gemeng
Senior meisies	Senior seuns	Senior gemeng

Elke spanlid moet 'n toespraak oor die onderwerp lewer (3 en 'n half minute.)

Elkeen kry dan 'n vraag- en antwoordbeurt (2 minute elk).

Een spanlid moet dan die span se debat opsom (3 minute).

Die onderwerp sal twee dae voor die debat bekendgemaak word.

Daar sal ook op die dag van die debat een uur wees vir voorbereiding.

Inskrywingsvorm

<https://forms.gle/MM1Utfk5GbDy3x9n8>

13 Orkes-Koppekop

Geen inskrywing word sonder betaling aanvaar nie:
R30 per deelnemer in groepitem

- 1 AHS-saal om 16:30
- 2 Eie instrumente
- 3 Speeltyd vyf minute, opstel van toerusting vyf minute en opruiming drie minute
- 4 Krag word voorsien. Bring eie verlengkoorde.
- 5 Geen kru taal sal geduld word nie.
- 6 Slegs Affies mag deelneem.
- 7 Items word nie oorweeg vir gala-aand nie.
- 8 Klank word gereël
- 9 Net drie liedjies kan gespeel word.

Inskrywingsvorm

<https://forms.gle/MM1Utfk5GbDy3x9n8>

14 Potjiekos

Geen inskrywing word sonder betaling aanvaar nie:

Inskrywingsfooi: R200 per span (Vier deelnemers per span)

- 1 ABSOLUUT GEEN ALKOHOL. NIE IN DIE POT NIE, NIE AS VERSIERING NIE. NÊRENS NIE!
- 2 Die kompetisie vind plaas by AHS.
- 3 Die kategorieë is:
junior dogters junior seuns junior gemeng
senior dogters senior seuns senior gemeng
- 4 'n Span mag uit maksimum ses deelnemers bestaan.
- 5 Die organiseerder verskaf 'n braaiplek en 'n staaltafel.
- 6 Deelnemers voorsien gas, bestanddele, tafeldoek, eetgerei, vadoeke en handdoekrol.
- 7 Produkte vir die potjie mag tuis verwerk word, maar moet rou tussen 14:00 en 14:15 vir inspeksie aangebied word.
- 8 Geen vleis mag tuis gaar / halfgaar gemaak word nie.
- 9 Daar mag slegs met gas gewerk word. Die gas kan vanaf 13:45 aangesteek word.
- 10 Bykosse, bv. Brode en rys kan tuis voorberei word.
- 11 Elke span is self vir die opruiming van die kookplek verantwoordelik.
- 12 Beoordeling vind tussen 16:30 en 18:00 plaas. Spanne roep die beoordelaar wanneer hulle gereed is.
- 13 Daar moet een plek by die tafel vir die beoordelaar gedek word.
- 14 Die terrein moet na afloop van die potjiekos netjies ontruim word. Tafels moet weggepak teen die muur wees.
- 15 Beeld die tema van 'ENERGIE' uit.
- 16 'n Brandbestrydingsfirma asook 'n noodhulpsak sal op die terrein beskikbaar wees.

BEOORDELINGSKRITERIA

Tafel / atmosfeer	20
Spanwerk / netheid	10
Voorkoms	10
Smaak, aroma, geur	10
Tekstuur	10
Moeilikhedgraad	
- vleis	15
- groente (verwerking)	15
- bykos	10
TOTAAL	100

Inskrywingsvorm

<https://forms.gle/MM1Utfk5GbDy3x9n8>

15 Skerpskerts (Stand up comedy)

Geen inskrywing word sonder betaling aanvaar nie:
R35 per deelnemer/R60 per paar

Vyf tot sewe minute praattyd word toegelaat.

Ons luister graag na jou kommentaar oor die gebeure van die dag.

Jy kan Afrikaans / Engels of in albei gemeng praat.

Onthou – geen rassisme, kru taal of skurwe grappe sal geduld word nie. Wees baie sensitief vir die politiek.

Geen speeches. Dit moet in 'n geselstrant wees. Ons wil graag jou humor geniet.

Inskrywingsvorm

<https://forms.gle/MM1Utfk5GbDy3x9n8>

16 Skryfwerk: Afrikaans en Engels

Geen inskrywing word sonder betaling aanvaar nie:
R35 per deelnemer

Tema: ENERGIE

- 1 Slegs een gedig en / een opstel per leerder per taal
- 2 Skryfwerk, enige onderwerp
juniors: 250-350 woorde
seniors: 350-450 woorde

Inskrywingsvorm

<https://forms.gle/MM1Utfk5GbDy3x9n8>

17 Toneel

Geen inskrywing word sonder betaling aanvaar nie:

R R35 per individuele inskrywing

R30 per deelnemer in groepitem

Toneelgroepe tree nie by die gala-aand op nie.

1. KORT EENBEDRYF / UITTREKSEL UIT ENIGE TONEELSTUK:

Omskrywing: Eie werk of 'n toneelstuk wat reeds gepubliseer is, word deur 'n groep leerlinge opgevoer. Die werk kan dramaties, komies of tragies wees. Getikte kopieë van die werk moet aan die beoordelaars voorgelê word. Die dekor moet binne vyf minute na die opvoering van die verhoog af wees en uit die saal verwyder word.

Maksimum aantal deelnemers per item: 10

Tydsduur: 10-15 minute

2. TIENERTONEEL

Tydsduur 45 min

3 Beoordeling:

A. GLOBALE INDRUK	100
B. ONTLEDING	
1. REGIE	
- Goeie teks / verbeeldingryke keuse	
- Geheelindruk	
- Deurdagte produksie	
- Netjies afgerond	
- Verhooginkleding:	
<i>Dekor / kostuums / beligting / grimering / byklanke / rekwisite</i>	30
- Energieke aanbieding	
2. SPEL	
- Oortuigende karakteruitbeelding	
- Oordrewe en / of afgeskeepte spel	
- Het elke speler stem, gebare en bewegings ten volle benut?	
- Is dialoog natuurlik en duidelik gelewer?	
- Spontane samespel / Ensemblespel	35
TEGNIESE ASPEKTE	
Doeltreffende hantering van aangewende tegniese toerusting	
Tegniese organisasie bv. verhoogbestuur, dekorwisseling, ordening van rekwisiete	20
KEUSE VAN STUK	
Die stuk val binne die verwysingswêreld van die groep	
Die stuk val binne die vaardigheidsvermoë van die groep	15
TOTAAL:	100

Inskrywingsvorm

<https://forms.gle/MM1Utfk5GbDy3x9n8>

18 Vasvra

Die inskrywing beloop dan R30 per spanlid.

- Daar is vier rondtes van vyf minute elk.
- Spanne bestaan uit vier lede en kan meisies, seuns of gemeng wees.
Spanne: Junior meisies Junior seuns Junior gemeng
 Senior meisies Senior seuns Senior gemeng
- Elke rondte gaan 'n verskeidenheid van vrae insluit wat handel oor musiek, kuns, televisie / film en sport.
- Elke vraag wat korrek beantwoord word, tel 'n punt.

19 Vierkantkuns

R60 per span van twee

- Spanne:
Junior meisies (slegs 25 spanne) Junior seuns (slegs 15 spanne) Junior gemeng (slegs 5 spanne)
Senior meisies (slegs 25 spanne) Senior seuns (slegs 15 spanne) Senior gemeng (slegs 5 spanne)
- Die wat eerste inskryf, gaan plek kry.** Hierdie inskrywings sal volgens 'n tydstempel bepaal word, waarna die **deelnemers** op Maandag 25 Julie kennis sal ontvang om die nodige betaling te doen. Indien deelnemers dan nie binne 'n dag na die spertyd aangekondig betaal nie, word die geleentheid aan die volgende groep op die tydstempellys gegee.
- Elke inskrywing gaan op 'n bepaalde dag 'n blok sement van ongeveer 1½ X 2 m kry, waarop die kunswerk gedoen moet word. Elke groep / individu kry drie ure om die kunswerk te voltooi, waarna dit gefotografeer en beoordeel sal word. Die beoordeling sal gedoen word na afloop van die drie ure wanneer deelnemers die terrein verlaat het.

Tema: 'ENERGIE'

Bordkryt word voorsien. Geen vetkryt of verf word toegelaat nie.

KRITERIA:

	A+	A	B	C	D	E
Algemene indruk / Oorspronklikheid / Kreatiwiteit						
Tema/onderwerp						
Uitleg						
Gebruik van kuns- en ontwerpelemente						

Inskrywingsvorm

<https://forms.gle/MM1Utfk5GbDy3x9n8>

20 Vokaal

Geen inskrywing word sonder betaling aanvaar nie:

Individuele deelnemers: R35 per deelnemer
Twee/ meer deelnemers R30 per deelnemer

- 1 Jy mag vir solo, duet / trio inskryf.
- 2 Daar mag slegs vir 'n maksimum van drie items ingeskryf word - een uit elke uit elke genre.
- 3 Liedere mag nie herhaal word nie.
- 4 Maksimum tydsduur: drie minute per item
- 5 "Backtracks" moet vooraf ingegee word aan die klankman, duidelik gemerk met jou naam, kategorie en snitnommer. Slegs instrumentale begeleiding.
- 6 Leerders wat begeleiers benodig, moet self daarvoor reël.
- 7 Die organiseerder verskaf basiese klanktoerusting (rekenaar en twee mikrofone).

Kies maksimum drie items			
	Solo	Duet	Trio
Genres: Ligte musiek			
Jazz			
Musiekblyspel			
Gospel			
Klassiek			
Ander bv pop, rock en rap			

Inskrywingsvorm

<https://forms.gle/MM1Utfk5GbDy3x9n8>

21 Vreemde Tale

DEUTSCH

FRANÇAIS

Geen inskrywing word sonder betaling aanvaar nie:

Individuele deelnemers: R35 per deelnemer
Twee/ meer deelnemers R30 per deelnemer

Leerlinge kan rolspel of 'n gedramatiseerde voordrag aanbied.

Slegs een item per leerder

KRITERIA:

• Geläufigkeit	• Débit/Facilité	/20
• Aussprache	• Prononciaton	/20
• Wahl und bemeisterung des Textes	• Choix et maîtrise du texte	/20
• Kommunikation	• Communication	/20
- verbal	- verbale	/20
- nicht-verbal	- non-verbale	
• Kreativität	• Créativité	<u>/20</u>
	Totaal	100

Inskrywingsvorm

<https://forms.gle/MM1Utfk5GbDy3x9n8>

Voorblad ontwerp deur is Carla Knipe Gr. 12

Ander naaswenners: Kayla Esterhuizen Gr. 11



Stef Pretorius gr 10

